# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**NOVEMBER 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 1 ½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

   **Afdeling A: Kortverhale 50 punte**

   **Afdeling B: Literêre aspekte. 20 punte**

   **Beantwoord al die vrae in hierdie afdelings.**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

4. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Gilbert of Ramdhani.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A:  Kortverhale

**Vraag 1:  Bottervisse in die jêm (Deon Meyer)**




Wie is jy?" vra ek met 'n stemtoon wat hom moet laat verstaan ek hou niks van kinders nie.

"Ek is Buks Barnard, ek woon daar in Dolce Vita vier-een-ses en ek is soveel," sê hy sy rympie met vier vuil vingertjies in die lug, onbëindruk deur my stemtoon. Hy stap die vertrek binne, hande weer in die sakke, oë wat ongewaste koffiebekers, verfblikke en buise, kwaste, voltooide en halfvoltooide skilderye en potloodsketse op die tafels en vloer ondersoek.
"Wat is jou naam?" vra hy reguit.
"Wat is OOM se naam."
"My ma sê as sy 'n broer gehad het, sou ek 'n oom gehad het."
Touché. Maar voor ek kan probeer om die oorhand te herwin (het ek dit ooit gehad?), vra hy, met sy oog op die skilderye. "Is jy 'n skuldenaar?"
"'n Skilder."
"Hoekom is al die mense so kwaad?" Hy haal weer 'n hand uit 'n sak en wys met 'n krom vingertjie na van die kunswerke wat teen die muur aanleun.

1.1. Kies die mees korrekte antwoord om die sin te voltooi.
Skryf dan slegs die letter (A-D) neer.

Vir 'n vierjarige seuntjie, het Buks heelwat sêgoed, raad en karakter.

Christo vind hom aan die **begin** van die verhaal______________

A. oulik
B. onverwags
C. stout
D. soet (1)

1.2. Kies die mees korrekte antwoord om die sin te voltooi.
Skryf dan slegs die letter (A-D) neer.

Christo vind hom aan die **einde** van die verhaal______________

A. oulik
B. onverwags
C. stout
D. soet (1)

1.3. Watter werk doen Buks se ma? (1)

1.4. Wat weet jy van Buks se pa? (1)

1.5. Hoe weet ons dat Buks se ma van kuns hou? Skryf jou antwoord in ŉ goeie volsin neer. (1)

1.6. Buks vra: "Hoekom is al die mense so kwaad?"

1.6.1. Wie is die mense na wie hy verwys? (1)

1.6.2. Christo sê dat hulle nie kwaad is nie, hy beskryf hulle anders. Wat sê hy omtrent die mense? (1)

1.7. Soos baie kunstenaars het Christo verskillende 'periodes'. Dit beteken dat sy werk elke nou en dan van karakter verander. In die kortverhaal word daar verwys na sy pre-Christine periode.

1.7.1. Wie dink jy was Christine? (1)

1.7.2. Hoe sal jy die skilderye uit daardie periode beskryf. (1)

1.7.3. Hoe sal jy die skilderye uit sy huidige (current) periode te beskryf. (1)

1.8. Haal 1 woord uit die uittreksel (daar is baie) aan wat definitief met kuns/kunswerke te doen het. (1)

1.9. Noem die item wat Buks vir Christo bring om hom te probeer opbeur (cheer up). Wees spesifiek. (1)

1.10. Monica nooi een middag vir Christo om te kom koffie drink. Watter tradisionele Afrikaanse dis het sy vir haar gaste gebak om saam met die koffie te geniet? (1)

1.11. Gee die naam van een van Christo se nuutste skilderye waarvan die onderwerp Buks is. (1)

1.12. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

| | | |
|---|---|---|
| A | Buks vind bottervisse in húlle jêm. | |
| B | Christo en Monica maak broodjies. | |
| C | Buks bekyk Christo se yskas | |
| D | Christo neem vir Monica en Buks fliek toe. | (4) |

1.13. Aan die begin van die kortverhaal was Christo se meenthuis baie slordig. Waarvan was dit ‘n teken? (1)

1.14. Toe Buks en Christo uiteindelik die meenthuis skoonmaak, dink Christo: “ Só baie nuttelose gemors wat ‘n mens met jou saamdra.” Waarna verwys die nuttelose gemors? (1)

(20)

**Vraag 2: Soldate in wit klere (Hannah Bell)**





Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Kort na hy by Oom Labu aangekom het, het Nevil siek geword. Hy het vir dae uitgehou, gesê hy sal self beter word, want hy het mos pille wat hy drink. “Ek is nog pas hier, “ het hy vir Oom Labu gesê. “Ek kan nie nou al gaan lê nie. Ek is taai, oor ’n paar dae is ek weer piekfyn!”
> Maar hy het nie beter geword nie. Daardie Vrydag sit sy oë diep in sy kop en sy vel is grys soos die granietrotse langs hulle huis. Nie lank nie, toe word hy weer rooi in die gesig, met ’n vreeslike hoofpyn.
> “Kom Nevil,” sê Oom Labu, “vandag neem ek jou Fort Victoria toe, na die dokter. Die naweek lê voor en waar kry ons hulp as jy skielik baie erger word ?”
> “Maar sê nou die dokter wil my daar hou. Oom mag nie alleen hier bly nie.”
> “Toemaar, dalk gee hy jou net medisyne. En ons is vanaand weer tuis.” Maar Oom Labu kon sien die man lyk sleg en hy het gou die bakkie uitgetrek om dorp toe te ry.

2.1. Wie/wat was die Soldate in Wit Klere ? (1)

2.2. Wie het vir Nevil na die plaas toe gestuur ? (Gee die naam van die maatskappy) (1)

2.3. Gee 1 rede waarom Nevil na die plaas toe gestuur is. (1)

2.4. In watter land het die vryheidsoorlog waarna daar in hierdie kortverhaal verwys word, plaasgevind ? (1)

2.5. Watter tropiese siekte is by Nevil gediagnoseer? (1)

2.6. Kies elke keer die karakter (Kolom A) wat by die korrekte beskrywing (Kolom B) pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer.

| **Kolom A** | | **Kolom B** | |
|---|---|---|---|
| 2.6.1. | Oom Labu | A. | Plaaswerker |
| 2.6.2. | Nevil Horn | B. | Het inboorlingdorpies geplunder |
| 2.6.3. | Die dokter | C. | Plaasbestuurder |
| 2.6.4. | Die vryheidsvegters | D. | Sou nie verklap nie |
| | | E. | Beeswagter |

(4)

2.7. Watter soort hinderlaag het die vryheidsvegters soms gebruik om motoriste te forseer om langs die pad te stop? (1)

(10)

**Vraag 3: Verneukkind (Fanie Viljoen)**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Maar almal weet dit donder nie maklik in die Kaap nie. En as dit swaarweer raak, is dit gou verby. Een of twee blitse. Maar sewe. Hoe bid jy sewe donderslae uit die wolke?
>
> Die donker val om die grys woonstelle van Elsiesrivier. Jessica lê op die matras op die vloer en luister na die dreuning in die verte. Is dit teen die berg waar die klank so vasslaan, of Stellenbosch se kant toe?
>
> Ouma Kytie snork in haar bed, lankal vergeet van die sewe donderslae. Maar nie Jessica nie. Dis al wat haar hoop gee. Eendag kom haar ma terug, dan gaan sy haar wegvat, en hulle gaan in 'n grênd huis bly met 'n tuin vol bergblomme. Daar sal genoeg geld wees; g'n nodigheid meer vir Jessica om smiddae na skool in die dorp te gaan bedel nie.
>
> Vroeër vandag loop sy soos gewoonlik deur 'n winkelsentrum met die groen Pick 'n Pay-sak oor haar skouer. Jessica kyk die mense uit, soek na iemand, die regte een nes ouma Kytie haar geleer het. Deesdae kies sy vroue.

3.1. Watter belofte het ouma Kytie vir Jessica gemaak? (1)

3.2. Hoe lank wag Jessica al vir hierdie belofte om waar te word? (1)

3.3. Jessica steur haar nie aan haar vriend Kyle nie, want sy situasie is anders as hare.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

3.4. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer .

Jessica en ouma Kytie bly in 'n (huis/woonstel) (1)

3.5. Verduidelik wat "dronkgatbure" beteken. (1)

3.6. Ouma Kytie beskuldig vir Jessica dat sy net so "lastig" soos haar ma is.
Wat kan ons aflei van ouma Kytie se karakter? (1)

3.7. Haal 'n sin aan wat vir die leser aandui dat Jessica se slaapplek nie baie gerieflik is nie. (1)

3.8. Haal twee APARTE woorde aan wat vir die leser aandui in watter deel van die land hierdie kortverhaal afspeel. (2)

3.9. Watter sin PAS NIE?
Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

Jessica droom van:

A. ‘n Reunie met haar ma en ouma.
B. ‘n Deftige huis.
C. Om deur bergblomme omring te word.
D. Dat hulle finansieel standvastig sal wees. (1)

3.10. Na skool gaan Jessica na die Pick ‘n Pay winkelsentrum toe.

3.10.1. Wat gaan sy daar doen? (1)

3.10.2. Wie het haar geleer om dit te doen? (1)

3.10.3. Hoekom kies Jessica deesdae vroue vir wat sy doen? (1)

3.11. Jessica gebruik soms Engelse woorde en Afrikaanse woorde wat anders uitgespreek word. Wat noem ons dit wanneer mense so praat? (1)

3.12. Skryf die standaard Afrikaans vir die volgende woorde:

3.12.1. hettie kossie
3.12.2. boils (2)

3.13. Noem een kositem wat die vrou daardie middag vir Jessica gekoop het. (1)

3.14. Wie is die fokalisator in hierdie kortverhaal? (1)

3.15. Hoekom kan ons sê dat hierdie kortverhaal anders as ‘n sprokie is? (1)

3.16. Gee 1 moontlike betekenis van die titel van die kortverhaal: Verneukkind. (1)

(20)

**Totaal afdeling A: 50**

**<u>Afdeling B: Literêre aspekte.</u>**

**<u>Vraag 4: Literêre aspekte</u>**

<u>Ongesiene gedig</u>

Lees die onderstaande gedig aandagtig deur en beantwoord alle vrae soos versoek.

## "Lisa se klavier" deur Koos Kombuis

1 Ek het 'n vriendin
ver by die blou see
teen die hang van Tafelberg
as die son sak
speel sy die mooiste melodieë

2 Haar vingers ken die pad
opgesluit in wit en swart
die klavier se grootste vreugde
hartseer en verlange
verstaan die hart se diepste smart



3 Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

4 Lisa kan nie ophou as sy eers begin het nie
Sy laat my nooit huis toe loop
of afskeid neem
voor my laaste sigaret nie

5 Ek staan op haar balkon
en drink haar appelkoostee
en kyk na Kaapstad in die nag
die liggies en die swart, swart see

6 Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

7 En onder op die sypaadjie
sien ek die bergie en sy maat
gaan staan en opkyk
ver na bo
vanuit die vullis van Oranjestraat

8 Hulle ken al die klanke
wat uit haar woonstel stroom

lank na twaalf, met die deure oop
al *moan* die bure ook al hoe
word Lisa elke boemelaar se droom

9 Ja, die hele wêreld word stil
en luister in die donker uur
na die naggeluide
van Lisa se klavier

4.1. Gee ‘n ander Afrikaanse woord vir die ‘naam van ‘n gedig’ (1)

4.2. Wat noem ons die persoon wat gedigte skryf? (1)

4.3. Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig? (1)

4.4. Kyk na strofe 1. Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. (1)

4.5. Kyk na strofe 7. Haal ‘n voorbeeld van assonansie aan. (1)

4.6. Kyk na strofes 3,6 en 9.

4.6.1. Wat noem ons ‘n strofe wat uit 4 versreëls bestaan? (1)

4.6.2. Wat noem ons ‘n strofe wat so herhaal word? (1)

4.7. Kyk na strofe 5.

4.7.1. Watter woord word herhaal? (1)

4.7.2. Wat is die funksie van die herhaling? (1)

4.8. Watter musiekinstrument speel Lisa? (1)

4.9. Watter rol speel Koos Kombuis in hierdie gedig? (1)

4.10. Haal 1 woord uit strofe 1 aan wat vir ons aandui in watter stad Lisa woon. (1)

4.11. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

In strofe 2 lees ons “wit en swart”

Waarna verwys dit?

A. Die kleure van die wolke.
B. Die kleure van die mense wat daar woon.
C. Die kleure van die klawers op die instrument.
D. Die kleure van die sypaadjie. (1)

4.12. Kyk na strofes 3,6 en 9.

Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat aandui hoe die wêreld reageer wanneer Lisa musiek speel. (1)

4.13. Kyk na strofe 4.

Haal 'n woord aan wat die ANTONIEM vir "begin" is. (1)

4.14. Die volgende STELLING is ONWAAR.

Die spreker in hierdie gedig rook nie.

Haal 'n versreël aan wat motiveer dat die stelling onwaar is. (1)

4.15. Wat gee Lisa vir die spreker om te drink as hy by haar kuier?

Haal 1 woord aan. (1)

4.16. Kyk na strofe 5.

Behalwe vir die see, wat sien die spreker nog as hy op Lisa se balkon staan wanneer hy by Lisa kuier?

Haal 2 opeenvolgende woorde aan. (1)

4.17. Die volgende STELLINGS is WAAR.

4.17.1. Oranjestraat is nie skoon nie.

Haal 1 versreël aan om te motiveer dat die stelling waar is. (1)

4.17.2. Lisa speel in die aande haar musiekinstrument.

Haal 1 versreël aan om te motiveer dat die stelling waar is (1)

(20)

**Groottotaal:70**

# AFRIKAANS